Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum

Reg No. 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – Nr. 14 Januarie 2021

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons visie is die bevordering van 'n samehorige Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels), waarin 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Ons fasiliteer, 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers. Dit sluit in:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedselbehoeftes te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die resptering (verskaffing) van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die basis vir die HAIL (Home-based Assisted Independent Living) inisiatief, waardeur inwoners met verminderde vermoëns om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funsioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

DIE IMPAK VAN COVID-19 OP HGSS-AKTIWITEITE - 'n OPSOMMING

In ons vorige nuusbrief wat einde Desember 2020 uitgereik is, het ons teruggekyk na 'n baie moeilike jaar, waartydens ons ambisieuse planne met die aanvang van 2020 vir die uitbreiding van dienste aan die Hangklip-gemeenskap deur die Covid-19-pandemie en daaropvolgende beperkings in die wiele gery is.

Gedurende 2020 is ons vrywilligers sedert Maart vrygestel van sekere pligte hoewel die belangrikste dienste wel voortgegaan het. Ons kombuis kon steeds maaltye aan behoeftige huishoudings, wat in aanmerking gekom het vir hoogs gesubsideerde tariewe, voorsien. Die kospakkiediens, wat gekoördineer was met die regerings inisiatiewe vir voedselverligting, kon ook onverpoos voortgaan.

Ons kon nie die Algemene Jaarvergadering, soos voorgeskryf in die HGSS grondwet, voor die einde van Junie hou nie. Die ongekende stap is toe geneem om die Algemene Jaarvergadering as afgehandel te beskou en die bestaande komiteelede is vir 'n verdere jaar aangestel. Vir 'n paar maande (April tot einde Augustus) kon ons ook nie fisiese vergaderings van ons bestuurskomitee hou nie, en moes sake aanlyn gedoen word. Die verslapping van die grendelbeperkinge aan die einde van Augustus het dit moontlik gemaak om wel die bestuurskomitee-vergaderings te hervat.

Ondanks die verslapping van grendelbeperkings, het die voortdurende vereistes van sosiale afstand en beperkte grootte van byeenkomste steeds alle groepaktiwiteite verhoed. Sosiale en ontspanningsdienste (Woensdag sosiale middagetes, pilates, brug en vriendskapsirkel-byeenkomste) sowel as kliniekdienste (afgesien van die verskaffing van chroniese medikasie) was steeds opgeskort.

Vanaf begin Oktober, tot en met die HGSS se jaareindreses op 11 Desember, het die verligting van die beperkings op die grendelregulasies ons in staat gestel om ons kombuisvrywilligers weer toe te laat en die verkoop van nie-gesubsidieerde maaltye, en sodoende die Woensdag sosiale middagetes, is hervat. Pilates-klasse is terwille van sosiale afstand regulasies in twee groepe verdeel, waarvan die een groep op 'n Maandag en die ander op 'n Donderdag geoefen het. Die eerste in 'n beplande reeks kulturele gesprekke (in vennootskap met die Bettysbaai-belastingbetalers-vereniging kon op 11 November gehou word toe Gert Claassen 'n interesante lesing aangebied het oor 'n verlore stad in die oerwoude van die Amasone. Die brug en vriendskapsirkel-byeenkomste sal eers vroeg in 2021 hervat word. Wat betref die kliniek is die verpleeg- en spysenierings-dienste wat tradisioneel die verspreiding van chroniese medisyne vergesel het, egter onbepaald opgeskort.

JANUARIE 2021 – DIE TWEEDE GOLF

Vir die HGSS het die jaar op 11 Januarie begin met Covid-vlak 3-beperkings van krag. Dit het in werklikheid 'n terugkeer tot die situasie soos dit in die middel van 2020 was beteken. Die HGSS-kombuis bied nou weereens slegs Maandae, Woensdae en Vrydae gesubidieerde wegneemetes en alle sosiale en ontspanningsdienste is weer opgeskort. Slegs die kospakkiediens is nie deur die vlak 3- beperkings regulasies geraak nie.

VOEDSELVERLIGTING GEDURENDE DIE GRENDELTYD

Sommige statistieke bied interessante insig in die omvang van voedselhulp wat behoeftige huishoudings gedurende die loop van die Covid-pandemie ontvang het. Gedurende die tydperk voor Covid, van April tot Desember 2019 is 2 311 gesubsidieerde maaltye voorsien (dws maaltye wat ongeveer R40 kos en teen R10 verkoop word). Gedurende dieselfde tydperk in 2020 het hierdie getal egter gestyg tot 2 762; dit wil sê 'n toename van byna 20%. Die groei sou aansienlik

groter gewees het, as die volgende twee faktore nie ‘n rol gespeel het nie: (i) logistieke probleme wat afgeleë huishoudings kon ondervind om maaltye te haal (of af te lewer) en (ii) die gebrek aan bewustheid van hierdie diens ondanks pogings om dit wyd binne die gemeenskap bekend te stel. Dit is duidelik dat oorweging geskenk moet word om hierdie twee faktore aan te spreek om te verseker dat behoeftige mense huidiglik voldoende gehelp word.

Die groei in uitgawes verbonde aan die verskaffing van kospakkies is baie meer opvallend. Aan die begin van 2020 was die maandelikse uitgawes ongeveer R2 850. Teen die begin van 2021 het dit gestyg tot R7 800 ('n toename van 174%). Ongeag voedselprysinflasie (relatief gering) is die redes vir hierdie toename die aansienlike groei in die aanvraag na kospakkies. Daarbenewens is 'n onlangse besluit geneem om die hoeveelheid van sekere artikels te vermeerder asook om geselekteerde nuwe artikels in te sluit om ‘n beter bydrae te lewer tot die maandelikse voedingsbehoeftes van die begunstigdes. Die nuwe groei in die vraag na kospakkies was hoofsaaklik in die Bettysbaai- en Pringlebaai-gebiede. In die verlede was die meeste kospakkies bestem vir begunstigdes in die Mooiuitsig-omgewing, maar hul aandeel het nou tot onder 50% gedaal.

HAIL NUUS

Sorg en versorgers

Die opvoedkundige forum vir gesondheidswerkers in ons gemeenskap is sedert Februarie 2020 opgeskort en dit lyk in hierdie stadium onwaarskynlik dat dit in die afsienbare toekoms hervat sal word. Dit het nie net die program van gereelde gesprekke oor onderwerpe van opvoedkundige belang en praktiese waarde onderbreek nie, maar ook die kommunikasie en spanwerk tussen gesondheidswerkers en die HGSS belemmer. Sonder die forum sal kommunikasie met die versorgersgemeenskap in 'n veel groter mate op ‘n een-tot-een-basis moet plaasvind.

Ons bly daartoe verbind om met plaaslike gesondheidswerkers saam te werk om te verseker dat versorgers se dienste uitgebrei word na gemeenskapslede wie se dringende behoeftes (insluitend kwessies oor bekostigbaarheid), grootliks onvervul bly. Dit is belangrik om daarop te let dat HGSS bereid is om hierdie dienste te subsidieer waar dit op grond van onafhanklike assessering nodig blyk te wees.

Ons verfyn tans mediese en finansiële kriteria wat gebruik kan word om die toepaslike vlak van versorging en subsidiëring (waar van toepassing) wat nodig is vir individuele gevalle binne ons gemeenskap te beoordeel. Sodra hierdie kriteria gefinaliseer is, beplan ons om met ons gesondheidswerkers te kommunikeer om hul verdere insette te verkry en hopelik die grondslag te lê vir betekenisvolle samewerking tot voordeel van ons gemeenskap.

Hulp met die verspreiding van Covid-19 entstof

HGSS beskik oor die fasiliteite en is in ‘n baie goeie posisie om geskikte personeel en kundigheid beskikbaaar te stel wat benodig kan word om te help met die verspreiding van die Covid-19 entstof. Ons het besluit om die gesondheidsowerhede te nader en die gebruik van HGSS-fasiliteite as 'n plaaslike basis vir hierdie doel aan te bied.

LIDMAATSKAP

Aan die einde van die laaste boekjaar (31 Maart 2020) het die totale ledetal op 213 gestaan ná ‘n jaar van volgehoue groei. Gedurende die huidige jaar lyk dit of die negatiewe impak van die Covid-situasie ook tot ons lidmaatskap uitgebrei het. Bedankings, hervestigings en 3 sterftes het die ledetal tot 184 verminder. Verder het baie lede nie lidmaatskap hernieu nie, alhoewel hulle daaraan herinner was. Die sterkte en effektiwiteit van 'n organisasie soos ons s’n, wat uitsluitlik bestaan om te verseker dat ons gemeenskap toegang tot die nodige sorg in die wydste sin van die woord het, hang grootliks af van die sterkte van sy lidmaatskap en die positiewe invloed wat lede kan uitoefen op die beleid en rigting van die organisasie. Ons doen dus 'n beroep op lesers van hierdie nuusbrief wat in die Hangklip-omgewing woon, om aansoek te doen vir lidmaatskap (indien nie reeds 'n lid is nie), of alternatiewelik lidmaatskap onder vriende en bure te bevorder.

ERKENNING

Ons erken met dankbaarheid die vrygewigheid van die Hangklip-gemeenskap wat tydens hierdie uitdagende tye geopenbaar is. Ons het gereeld ongevraagde kontantskenkings ontvang, dikwels van anonieme bronne. Hierdie ondersteuning is van kardinale belang vir die volhoubaarheid wat die HGSS verbind tot die voorsiening van dienste aan ons gemeenskap.

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel as moontlik Hangklip inwoners gebring word om hulle bewus te maak van die dienste wat HGSS fasiliteer en hulle aan te moedig om lede te word. Aan diegene wat graag ‘n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (*adrian25@telkomsa.net*) sodat hy u van ‘n belastingsfaktuur kan voorsien.

Rekening: Hangklip Community Care Centre
Bank: Eerste Nasionale Bank
Rekeningnr: 62460003818

Volg ons op Facebook @hccc.bb
(word weekliks opdateer)